

AMOS

1 Die woorde van Amos, *een* van die skaapboere uit Takoa, wat hy gesien het aangaande Jisra'ël in die dae van Usijah, koning van Jahuda, en in die dae van Jarob'am, die seun van Joash, koning van Jisra'ël, twee jaar voor die aardbewing.

² En hy het gesê: "יהוה ירוה brul uit Tsjion en gee Sy stem uit Jarushalajim. En die weivelde van die herders sal treur en die top van Karmel sal verdroog."

³ So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Damaskus, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hulle Gil'ad met ysterdorsleë gedors het.

⁴ "Maar Ek sal vuur in die huis van H̄asa'ël stuur, en dit sal die paleise van Ben-Hadad verteer.

⁵ "En Ek sal die grendel van Damaskus breek en die inwoners uit die Vallei van Awen uitroei en die wat die septer dra, uit Bêt-Ēden. En die volk van Aram sal in ballingskap na Kir gaan," sê יהוה.

⁶ So sê יהוה: Oor drie oortredinge van Asa, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hulle 'n totale ballingskap in ballingskap weggevoer het om dit aan Edom uit te lewer.

⁷ "Maar Ek sal vuur op die muur van Asa stuur, en dit sal sy paleise verteer.

⁸ "En Ek sal die inwoners uit Ashdod afsny en die wat die septer dra, uit Ashkelon. En Ek sal My hand teen Ekron uitstrek, en die oorblyfsel van die Filistyne sal vergaan," sê Meester יהוה.

⁹ So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Tsor, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hulle 'n totale ballingskap aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederlike verbond nie.

¹⁰ "Maar Ek sal vuur stuur op die muur van Tsor, en dit sal sy paleise verteer."

¹¹ So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Edom, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hy sy broer met die swaard

agtervolg het en sy meegevoel verloor het. En sy toorn verskeur altyd en hy behou gedurigdeur sy grimmigheid.

¹² "Maar Ek sal vuur op Těman stuur, en dit sal die paleise van Botsra verteer."

¹³ So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van die kinders van Ammon, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hulle die swanger vrouens van Gil'ad oopgesny het om hulle grense uit te brei.

¹⁴ "Maar Ek sal vuur op die muur van Rabba aansteek, en dit sal sy paleise verteer, met geskreeu op die dag van stryd, met 'n storm op die dag van die orkaan.

¹⁵ "En hulle koning sal in ballingskap gaan, hy en sy prinse gesamentlik," sê יהוה.

2 So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Moab, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het.

² "Maar Ek sal vuur op Moab stuur, en dit sal die paleise van Kerijot verteer. En Moab sal met rumoer sterf, met geskreeu en klank van die ramshoring.

³ "En Ek sal die regeerder tussen hulle afsny en al hulle prinse saam met hom doodmaak," sê יהוה.

⁴ So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Jahuda, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hulle die Tora van יהוה verwerp het en Sy wette nie gehou het nie. En hulle leuens, waar hulle vaders agter aan geloop het, het hulle verlei.

⁵ "Maar Ek sal vuur in Jahuda stuur, en dit sal die paleise van Jarushalajim verteer."

⁶ So sê יהוה: "Oor drie oortredinge van Jisra'ël, en oor vier, sal Ek dit nie wegdraai nie, omdat hulle die regverdige vir geld verkoop en die behoeftige vir 'n paar skoene.

⁷ Hulle vertrap die kop van die armes in die stof van die aarde, en buig die weg van die sagmoediges. En die man en sy

AMOS 4

vader gaan na dieselfde jong vrou om My afgesonderde Naam te skend.

⁸ "En hulle strek hul uit by elke altaar op klere wat verpand is, en hulle drink die wyn van hulle wat beboet is, in die huis van hul elohim.

⁹ En tog het Ek die Amoriet voor hulle vernietig wie se hoogte soos die hoogte van die seders was, en hy was sterk soos die eikebome. Maar Ek het sy vrug daarbo en sy wortels daaronder vernietig.

¹⁰ "En Ek het julle uit die land Mitsrajim gebring en julle veertig jaar lank in die woestyn gelei, om die land van die Amoriet in besit te neem.

¹¹ "En Ek het uit julle seuns profete en uit julle jongmans nasireërs laat opstaan. Is dit nie so nie, kinders van Jisra'ël?" sê יהוה.

¹² "Maar julle het die nasireërs wyn laat drink en aan die profete beveel en gesê: 'Julle mag nie profeteer nie!'

¹³ "Kyk, Ek julle na onder druk, soos 'n wa gedruk word wat vol gerwe is.

¹⁴ "En 'n plek om te vlug vir die vinniges sal vergaan, en die sterke kan sy krag nie ontwikkel en die held kan sy lewe nie red nie.

¹⁵ "En die boogskutter sal nie bly staan en die wat vinnig op sy voete is, nie ontsnap nie, en die perderuiter sal nie sy lewe red nie.

¹⁶ En die dapperste tussen die helde sal op daardie dag naak wegvlug," sê יהוה.

3 Hoor hierdie woord wat יהוה teen julle gesê het, kinders van Jisra'ël, oor die hele familie wat Ek uit die land Mitsrajim laat optrek het, wat sê:

² "Julle alleen het Ek geken uit al die families van die aarde, daarom sal Ek julle straf oor al julle ongeregthede."

³ Stap twee saam tensy hulle eers ooreengekom het?

⁴ Brul 'n leeu in die woud indien hy geen prooi het nie? Laat 'n jong leeu sy stem uit sy lêplek hoor indien hy niks gevang het nie?

⁵ Val 'n voël in 'n strik op die grond indien daar vir hom geen valstrik gestel is nie?

Spring 'n strik van die grond af op indien dit absoluut niks gevang het nie?

⁶ Sal 'n ramshoring in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Wanneer daar teëspoed in die stad is, sal יהוה dit nie bewerk het nie?

⁷ Want Meester יהוה doen niks tensy Hy sy besluit aan Sy dienaars, die profete, bekend maak nie.

⁸ 'n Leeu het gebrul! Wie is nie bang nie? Meester יהוה het gepraat! Wie sal nie profeteer nie?

⁹ "Roep uit oor die paleise van Ashdod en oor die paleise van die land Mitsrajim en sê: 'Versamel julle op die berge van Shomeron, en sien die groot beroering in haar midde en die verdrukking binne haar.

¹⁰ 'Maar hulle weet nie om reg te doen nie,' sê יהוה 'hulle wat geweld en roof in hulle paleise opstapel!'"

¹¹ Daarom, so sê Meester יהוה: "n Vyand! En dit rondom die land! En hy sal jou krag laat ondergaan, en jou paleise sal geplunder word."

¹² So sê יהוה: "Soos 'n herder twee pote of stuk oor uit die bek van 'n leeu red, net so sal die kinders van Jisra'ël gered word wat in Shomaron op die hoek van 'n bed en in Damaskus op 'n rusbank sit.

¹³ "Hoor en waarsku die huis van Jaakob," sê Meester יהוה, die Elohim van die leërskaare.

¹⁴ "Want in die dag wat Ek Jisra'ël vir hul oortredinge besoek, sal ek ook oor die altare van Bêt-El straf. En die horings van die altaar sal afgekap word en op die grond val.

¹⁵ "En Ek sal die winterhuis saam met die somerhuis tref. en die huise van ivoor sal vergaan, en baie huise sal verdwyn," sê יהוה.

4 Hoor hierdie woord, koeie van Bashan, wat op die berg van Shomaron is, wat die armes verdruk, die behoefteges verbrysel, wat aan hulle meesters sê: "Bring en laat ons drink!"

² Meester יהוה het by Sy afgesonderheid gesweer: "Kyk, daar kom dae oor julle dat Hy julle met hake sal optrek en julle

AMOS 5

nageslag, met vishoeke.

³ "En julle sal deur breuke in die muur uitgaan, elke vrou haar, en julle sal na Harmon uitgegooi word," sê Meester יהוה.

⁴ "Kom na Bêt-Ĕl, en sondig! Na Gilgal, sondig nog meer! En bring julle slagoffers elke môre en julle tiendes elke derde dag.^a

⁵ "En brand 'n loffer met suurdeeg, en roep vrywillige offers uit, laat dit hoor! Want is dit waarvan julle hou, kinders van Jisra'ël!" sê Meester יהוה.

⁶ "En Ek het ook julle reinheid van tande in al julle stede gegee en broodsgebrek in al julle plekke. Maar julle het nie na My teruggedraai nie," sê יהוה.

⁷ "En Ek het ook reën van julle teruggehou drie maande voor die oestyd. En op die een stad het Ek laat reën maar op die ander het Ek nie laat reën nie. Die een stuk het reën gekry, maar die ander waarop geen reën geval het nie, het verdroog.

⁸ "En twee, drie stede het na een stad geslinger om water te drink sonder om die dors te les. Maar julle het nie na My teruggedraai nie," sê יהוה.

⁹ "Ek het julle met heuningdou en met brandkoring getref. Die sprinkaan het baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome verslind. Maar julle het nie na My teruggedraai nie," sê יהוה.

¹⁰ "Ek het die pes tussen julle gestuur, op die manier van Mitsrajim. Ek het julle jongmans met die swaard doodgemaak saam met die wegvoer van julle perde. En Ek het die stank van julle laer laat opstyg, tot in julle neus. Maar julle het nie na My teruggedraai nie," sê יהוה.

¹¹ "Ek het julle omgekeer soos Elohim Sedom en Amorra vernietig het, en julle was soos 'n brandende stuk hout wat uit die vuur geruk is. Maar julle het nie na My teruggedraai nie," sê יהוה.

^a Hierdie kan baie moontlik elke derde jaar, wees. (Debarim 14:28)

¹² "Daarom doen Ek dit met jou, Jisra'ël. En omdat Ek dit met jou doen - maak gereed om jou Elohim te ontmoet, Jisra'ël!"

¹³ Want kyk, Hy wat die berge vorm en die wind skep en aan die mens Sy gedagte bekend maak, wat die dagbreek duisternis maak, en wat op die hoogtes van die aarde loop, יהוה Elohim van die leërske is Sy Naam!

5 Hoor hierdie woord wat Ek oor julle aanhef, 'n klaaglied, huis van Jisra'ël!

² Die jongvrou van Jisra'ël het geval, sy sal nie weer opstaan nie. Sy lê verlate op haar land, niemand lig haar op nie.

³ Want so sê Meester יהוה: "Die stad wat uittrek met duisend, hou honderd oor, en die wat met honderd uittrek, hou tien oor vir die huis van Jisra'ël."

⁴ Want so sê יהוה vir die huis van Jisra'ël: "Volg My, en lewe!

⁵ "Maar moenie Bêt-Ĕl volg nie, of na Gilgal gaan nie, of deurtrek na Be'ērshéba nie. Want Gilgal sal verseker in ballingskap gaan, en Bêt-Ĕl sal niks word nie.

⁶ "Volg יהוה, en lewe, sodat Hy nie oor die huis van Josëf uitbreek soos 'n vuur en verteer met niemand om dit in Bêt-Ĕl te blus nie.

⁷ "Julle wat die reg in wildeals verander en die geregtigheid teen die grond gooi!"

⁸ Hy wat die Kima en die Kasil gemaak het en die doodskaduwee in môrelik verander en die dag tot nag verduister, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die oppervlak van die aarde - יהוה is Sy Naam!

⁹ Hy wat vernietiging laat oor die sterke laat uitbreek, en verwoesting oor die vesting laat kom!

¹⁰ Hulle haat die man wat in die poort tereg wys, en hulle verafsku hom wat die waarheid praat.^b

¹¹ Daarom, omdat julle die arm man vertrap en 'n graan heffing van hom neem, het julle huise van gekapte klip

^b Jes 59:15; 2 Tim 4:4

AMOS 6

gebou, maar julle sal nie daarin woon nie, julle het pragtige wingerde geplant, maar julle sal die wyn daarvan nie drink nie.

¹² Want Ek weet julle oortredings is baie en julle sondes is groot, julle wat die regverdige benoud maak, wat omkoopgeld aanneem en die behoeftiges by die poort wegstoot.

¹³ Daarom bly die verstandige in daardie tyd stil, want dit is 'n bouse tyd.

¹⁴ Volg die goeie, en nie die bouse nie, sodat julle kan lewe. En laat יהוה die Elohim van die leërskaare met julle wees soos julle sê.

¹⁵ Haat die bouse en wees lief vir die goeie, en bevestig die reg in die poort. Miskien sal יהוה, die Elohim van die leërskaare, guns aan die oorblyfsel van Josëf bewys.

¹⁶ Daarom, so sê יהוה, die Elohim van die leërskaare, die Meester: "Treur op al die pleine, en op al die strate sê hulle: 'Ag! Ag!' En hulle sal die boer roep om te rou, en die wat verstaan om treurliedere te sing om te treur.

¹⁷ "En in al die wingerde word getreur want Ek trek in jou midde deur," sê יהוה.

¹⁸ Wee die wat na die dag van יהוה verlang! Wat is die dag van יהוה vir julle? Dit sal duisternis wees en nie lig nie.

¹⁹ Soos wanneer iemand vir 'n leeu vlug, en 'n beer kom by hom; of hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom!

²⁰ Is die dag van יהוה nie duisternis en nie lig nie? En donkerheid sonder helderheid?

²¹ "Ek haat, Ek verag julle feeste en het geen vreugde in julle vergaderings nie.

²² "Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle graanoffers, aanvaar Ek dit nie, en Ek kyk nie na die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers nie.

²³ "Neem die geraas van jou liedere weg van My, want Ek wil nie na die geluid van jou harpe luister nie.

²⁴ "Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n stand-

houdende stroom.

²⁵ "Julle het vir veertig jaar slagoffers en graanoffers aan My in die woestyn gebring, huis van Jisra'ël,

²⁶ maar julle het die Sikkut van julle Molog, en Kijun, julle beelde gedra, jul ster-elohim^c wat julle vir jul gemaak het!

²⁷ "Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap laat gaan," sê יהוה Elohim van die leërskaare – Sy Naam.

6 Wee die gerustes in Tsjion en die wat op die berg van Shomaron vertrou, die vernames van die eerste tussen die nasies, na wie die huis van Jisra'ël kom!

² Trek deur na Kalne en kyk, gaan van daar na die groot Hamat. Gaan dan af na Gat van die Filistyne! *Is julle* beter as hierdie koninkryke? Of is hulle grense groter as julle grense?

³ Julle wat die dag van teëspoed uitstel en die setel van geweld nader bring!

⁴ Wat op beddens van ivoor lê en uitgestrek op hulle rusbanke lê en die lammers van die kleinvee en die kalwers uit die stal eet!

⁵ Wat liedjies sing met die klank van die harp, wat net soos Dawid vir hulle musiek uitdink!

⁶ Wat uit skottels wyn drink en hulle met die beste olies self, maar hulle is nie oor die verbreking van Josëf bedroef nie!

⁷ Daarom sal hulle nou in ballingskap gaan saam met die eerste ballinge, en die gejubel van die uitgestrektes sal ophou.

⁸ Meester יהוה het by Homself gesweer, sê יהוה Elohim van die leërskaare: "Ek verafsku van die trotsheid van Jaakob en haat sy paleise. Daarom sal Ek die stad oorlewer en alles wat daarin is."

⁹ En indien daar tien mans in een huis oorgebly het, sal hulle sterf.

¹⁰ En indien 'n familielid, die een wat hom wil verbrand, hom optel om die bene uit die huis te verwyder, en aan iemand wat in die agterste vertrekke is, sê: "Is daar nog iemand by jou?" en hy sê: "Nee,"

^c Hand 7:43

AMOS 8

dan sal hy sê: "Bly stil!" Want ons het nie die Naam van יהוה onthou nie!

¹¹ Want kyk, יהוה beveel, en hulle slaan die groot huis gate en die klein huis met splete.

¹² Hardloop perde op 'n rots? Ploeg 'n mens *dit* met osse? Want julle het die reg in gif verander en die vrug van geregtigheid in wilde-als.

¹³ Julle wat juig oor 'n nietige ding, wat sê: "Het ons nie deur ons eie krag horings geneem nie?"

¹⁴ Want kyk, Ek rig 'n volk teen julle op, huis van Jisra'ël," sê יהוה Elohim van die leërskaar, "en hulle sal julle van die ingang na Hamat af tot by die spruit van Araba verdruk."

7 Dit is wat Meester יהוה my laat sien het, en kyk, Hy het sprinkane gevorm toe die na-groei begin uitspruit het. En kyk, dit was die na-groei na die afsny vir die koning.

² En toe hulle al die groenigheid van die land afgeëet het, het ek gesê: "Meester יהוה, vergewe asseblief! Hoe sal Jaäkoḇ opstaan, want hy is klein?"

³ יהוה het versag oor hierdie saak. "Dit sal nie gebeur nie," het יהוה gesê.

⁴ Dit is wat Meester יהוה my laat sien het, en kyk, Meester יהוה het geroep om met vuur te straf, en dit het die groot watervloed verslind en die deel verteer.

⁵ En ek het gesê: "Meester יהוה, hou asseblief op! Hoe sal Jaäkoḇ opstaan, want hy is klein?"

⁶ יהוה het versag oor hierdie saak. "Dit sal ook nie gebeur nie," het Meester יהוה gesê.

⁷ Dit is wat Hy my laat sien het, en kyk, die Meester het oor 'n loodlyn-muur gestaan, en daar was 'n loodlyn in Sy hand.

⁸ En יהוה het vir my gesê: "Wat sien jy, Amos?" En ek het gesê: "n Loodlyn." En die Meester het gesê: "Kyk, Ek stel 'n loodlyn in die midde van My volk Jisra'ël. Ek sal hom nie verder meer verskoon nie.

⁹ "En die hoogtes van Jitšak sal verwoes word, en die afgesonderde plekke van

Jisra'ël sal vernietig word. En Ek sal met die swaard teen die huis van Jarob'am opstaan."

¹⁰ Toe het Amatsja, die priester van Bêt-Ĕl, na Jarob'am, koning van Jisra'ël, gestuur en gesê: "Amos het teen u saamgesweer binne die huis van Jisra'ël. Die land kan nie al sy woorde verduur nie,

¹¹ want so het Amos gesê: 'Jarob'am sal deur die swaard sterf, en Jisra'ël sal verseker uit sy land in ballingskap gaan."

¹² En Amatsja het vir Amos gesê: "Gaan, siener! Vlug na die land Jahuda en eet daar brood en profeteer daar!"

¹³ Maar moenie weer in Bêt-Ĕl profeteer nie, want dit is die koning se afgesonderde plek en die huis van die ryk."

¹⁴ En Amos het geantwoord en vir Amatsja gesê: "Ek is geen profeteer en ook geen profete-seun nie, want ek is 'n veewagter en kweker van wildevyebome.

¹⁵ "Maar יהוה het my agter die kleinvee weggeneem, en יהוה het vir my gesê: 'Gaan, profeteer teen My volk Jisra'ël.'

¹⁶ "En nou, hoor die woord van יהוה! Jy sê: 'Moenie teen Jisra'ël profeteer nie, en moenie woorde teen die huis van Jitšak laat drup nie.'

¹⁷ "Daarom, so sê יהוה: 'Jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns en jou dogters sal deur die swaard val, en jou grond met die maatlyn verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterf, en Jisra'ël sal verseker in ballingskap uit sy land gaan."

8 Dit is wat Meester יהוה my laat sien het, en kyk, 'n mandjie met somervrugte.

² En Hy het gesê: "Wat sien jy, Amos?" En ek het gesê: "n Mandjie met somervrugte." En יהוה het vir my gesê: "Die einde het na My volk Jisra'ël gekom, Ek sal hom nie verder meer verskoon nie.

³ "En 'n gehuil sal die liedere van die tempel in daardie dag wees," sê Meester יהוה, "baie lyke, hulle gooi dit oral neer. Bly stil!"

⁴ Hoor dit, julle wat die behoeftige verslind en daarop uit is om die armes van die land uit te roei,

AMOS 9

⁵ deur te sê: “Wanneer is die Nuwemaan verby, sodat ons graan kan verkoop, en die Sabbat, sodat ons die koringskuur kan oopmaak, om die ǃfa te verklein en die sikkal te vergroot en die weegskaal met bedrog te vervals,

⁶ om die armes vir geld te koop en die behoeftige vir ’n paar skoene, en die afval van die koring te verkoop?”

⁷ יהוה het by die hoogheid van Jaäkoḅ gesweer: “Belis, Ek sal in ewigheid al hulle werke nie vergeet nie.

⁸ “Moet die land nie hieroor bewe en elke inwoner daarvan treur nie? En dit sal alles oprys soos die rivier en styg en wegsak soos die rivier van Mitsrajim.

⁹ “En in daardie dag,” sê Meester יהוה, sal Ek die son op die middag laat ondergaan en die aarde verduister op ’n helder dag,

¹⁰ en julle feeste in rou verander en al julle liedere in klaagsang, en op alle lendene rouklere bring en op alle koppe kaalheid. En Ek sal dit maak soos by die rou oor ’n enigste kind en die einde daarvan soos ’n dag van bitterheid.

¹¹ “Kyk, dae kom,” sê Meester יהוה, “dat Ek ’n honger in die land sal stuur, nie ’n honger na brood of ’n dors na water nie, maar om die Woorde van יהוה te hoor.

¹² “En hulle sal swerf van see tot see en van noord na oos rond hardloop, om die Woord van יהוה te soek, maar hulle sal dit nie vind nie.”^d

¹³ “In daardie dag sal die mooi jong meisies en die jongmans van dors flou val,

¹⁴ hulle wat sweer by die skuld van Shomaron, wat sê: ‘Soos jou eloah leef, Dan!’ en: ‘Soos die weg van Be’ërshéḅa leef!’ En hulle sal val en nie weer ontstaan nie.”

9 Ek het gesien die Meester staan by die altaar, en Hy het gesê: “Slaan die bokant van die pilaar, sodat die drumpels bewe, en breek hulle bo die kop af, almal van hulle! En die oorblyfsel sal Ek met die

swaard slag. Nie een wat vlug sal wegkom nie, en geen vlugteling van hulle ontsnap nie.

² “Indien hulle deurbreek in Sheöl, sal My hand hulle daaruit neem. En indien hulle na die hemel opklim, sal Ek hulle van daar laat neerdaal.

³ “En indien hulle hulself op die top van Karmel versteek, sal Ek hulle daar soek en wegneem. En indien hulle hul vir My oë op die bodem van die see verberg, sal Ek van daar die slang beveel om hulle te byt.

⁴ “En indien hulle in ballingskap voor hulle vyande gaan, sal Ek van daar die swaard beveel om hulle dood te maak. En Ek sal My oë vir kwaad op hulle rig en nie vir goeie nie.”

⁵ En dit is Meester יהוה wat die leërskeare wat die aarde aanraak, sodat dit bewe en almal treur wat daarop woon, en dit sal in sy geheel oprys soos die rivier en wegsak soos die rivier van Mitsrajim.

⁶ Dit is Hy wat sy bo-kamers in die hemele bou en Sy hemelgewelf bo die aarde vestig, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die aardbodem, יהוה is Sy Naam!

⁷ “Is julle nie vir My soos die kinders van Kush nie, kinders van Jisra’ël?” sê יהוה. Het Ek Jisra’ël nie laat optrek uit die land Mitsrajim en die Filistyne uit Kaftor en Aram uit Kir nie?

⁸ “Kyk, die oë van Meester יהוה is gerig teen die sondige koninkryk,^e en Ek sal dit van die aardbodem verdelg, maar Ek sal die huis van Jaäkoḅ nie heeltemal verdelg nie,” sê יהוה.

⁹ “Want kyk, Ek beveel en sal die huis van Jisra’ël tussen al die nasies skud soos in ’n sif geskud word, maar geen korrel sal op die grond val nie.

¹⁰ “Al die sondaars van My volk sal deur die swaard sterf, die wat sê: ‘Boosheid sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie.’

^d Jir 5:13; Hos 8:12; Jehes 34:3-10.

^e Jes 34:2; Jir 30:11; Dan 2:44; Tsaf 3:8; Håg 2:22; Luk 4:5-6.

AMOS 9

¹¹ "In daardie dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig. En Ek sal sy skeure toebou en sy puinhoep opbou, en Ek sal dit bou soos in die dae van ouds,

¹² sodat hulle die oorblyfsel van Edom,^f en al die nasies oor wie My Naam uitgeroep is, in besit kan neem,^g sê יהוה wat dit doen.

¹³ "Kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat die ploëer die snyer sal inhaal, en die druiwetrappier die hom wat saad saai. En die berge sal mos drup, en al die heuwels sal wegs melt.

¹⁴ "En Ek sal die ballingskap van My volk Jisra'ël verander. En hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon. En hulle sal wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

¹⁵ "En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie," sê יהוה jou Elohim.

^f 'n Moontlike Masoreties vokaalfout. Hierdie is klaarblyklik Adam (die mensdom) en nie Edom nie.

^g Hand 15:16-17.